Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2021

## GRAAD 11

| |
|---|
| **EKONOMIE** |
| **VRAESTEL 1** |

EXEMPLAR

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**13 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND.
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Dui die vraagnommer bo aan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die verskil tussen die oorspronklike prys en die huidige waarde van masjinerie of toerusting sal bepaal word deur hoeveel dit gebruik (uitgeput) was. Dit staan bekend as …

A markprys.
B waardevermindering.
C basiese prys.
D konstante prys.

1.1.2 Lone en salarisse wat deur permanente burgers buite Suid-Afrika verdien is, moet … die BBP om die BNI te verkry.

A bygetel word tot
B gedeel word met
C gemaal word met
D afgetrek word vanaf

1.1.3 Een van die voordele van ŉ sentrale-beplande ekonomie is …

A keuse.
B risiko.
C innovasie.
D volle indiensname.

1.1.4 Besoedeling word veroorsaak wanneer elektrisiteit gegenereer word van …

A steenkool.
B water.
C uraan.
D gas.

1.1.5 Die belasting waar die hoër inkomste-verdieners teen ŉ hoër koers belas word staan bekend as … belasting.

A proporsionele
B regressiewe
C progressiewe
D indirekte

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



1.1.6 Die … is die prys waarteen die Suid-Afrikaanse Reserwebank geld uitleen aan ander banke.

A terugkoopkoers
B prima uitleenkoers
C rentekoers
D dividendkoers

1.1.7 ŉ Toename in die lewenstandaard van die populasie is ŉ direkte gevolg van ekonomiese …

A groei.
B ontwikkeling.
C vryheid.
D stabiliteit.

1.1.8 Lande wat in ŉ ontwikkelende stadium is deel gewoonlik die volgende eienskap:

A Hoë lewenstandaard
B Hoë vlakke van indiensname
C Afhanklikheid van sekondêre sektor aktiwiteite
D Hoë vlakke van werkloosheid

(8 x 2) (16)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Menslike Ontwikkelingsindeks | A Meet die graad van inkomste ongelykheid en welvaartsverspreiding tussen huishoudings |
| 1.2.2 Ekonomiese groei | B Mik om die kwaliteit van die arbeidsmag te verbeter |
| 1.2.3 Tersiêre sektor | C Die vloei van goedere en dienste |
| 1.2.4 Mark ekonomie | D Bestaan uit die besluite wat geneem word deur die SARB om die rentekoers en geld-aanbod in die ekonomie te beïnvloed |
| 1.2.5 Wet op vaardigheidsontwikkeling | E 'n Statistiek wat gebruik word om lande in terme van lewensverwagting, onderwys en lewenstandaard te rangskik |
| 1.2.6 Verbruik | F Dit word in terme van reële BBP gemeet |
| 1.2.7 Lorenz-kurwe | G Sluit in groothandel en kleinhandel, gemeenskaps-, sosiale-, persoonlike- en ander dienste |
| 1.2.8 Monetêre beleid | H Die basiese ekonomiese probleem van wat, hoe en vir wie om te vervaardig, word bepaal deur die mark meganisme van vraag en aanbod |
| | I Die verbruik van goedere en dienste om behoeftes te bevredig. |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Hulle neem inisiatief om 'n besigheid te begin

1.3.2 Hulpbronne wat skaars is en waarvoor mense bereid is om te betaal

1.3.3 Sluit in die besteding deur die sentrale, provinsiale en plaaslike departemente

1.3.4 Die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat geproduseer word binne die grense van 'n land tydens 'n spesifieke tydperk.

1.3.5 Die doel is om land terug te besorg aan diegene wat land verloor het as gevolg van rasse-diskriminasie wette en praktyke na 19 Junie 1913

1.3.6 Die kennis wat uniek is aan 'n gegewe kultuur of gemeenskap

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae van hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van gesubsidieerde huishoudelike dienste wat verskaf word deur die plaaslike regering. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verduidelik hoe verbruik indiensname sal stimuleer. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| No. | Item | Miljoene (R) |
|---|---|---|
| 1 | Finale Verbruiksbesteding deur huishoudings | 513 472 |
| 2 | Finale Verbruiksbesteding deur die regering | 166 439 |
| 3 | Bruto kapitaal formasie | 126 348 |
| 4 | Residuele Items | -34 029 |
| 5 | **BBP teen basiese pryse** | **772 230** |
| 6 | Uitvoere | 223 495 |
| 7 | Invoere | 210 389 |
| 8 | **BBP teen mark pryse** | **(A)** |

**[Bron: Aangepas uit STATSSA, P0441 vrygestel 2021]**

2.2.1 Noem een ander organisasie, behalwe Stats SA, wat statistieke publiseer. (1)

2.2.2 Identifiseer die metode wat gebruik is in die tabel hierbo om BBP te bereken. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die konsep *Bruto Kapitaal Formasie*. (2)

2.2.4 Hoekom sal Suid-Afrika se invoerwaarde meer as die uitvoerwaarde wees? (2)

2.2.5 Bereken die waarde vir **A**. (Wys ALLE berekeninge) (4)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Moeg vir voedselpryse?**

"Droogte saam met die swak rand voeg by tot die druk op verbruikers wat platsak is. Verskeie boere moes hulle vee slag omdat hulle nie meer die diere kon over nie", sê prof. Ferdinand Meyer, direkteur van die Voedsel en Landboubeleid Buro. Sekere items soos graan en vrugte se pryse sal toeneem met meer as 20%, terwyl ander soos brood, sal toeneem met minder.

**[Bron: YOU Magazine 11 Feb 2016, you.co.za]**

2.3.1 Noem die ekonomiese sektor wat geaffekteer word deur die droogte. (1)

2.3.2 Watter impak sal die droogte op Suid-Afrika se landbou-uitvoere hê? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *sekondêre sektor*. (2)

2.3.4 Hoe sal 'n droogte verbruikers beïnvloed? (2)

2.3.5 Evalueer die tipes primêre sektor aktiwiteite met behulp van voorbeelde. (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek *aanbod en vraag en klimaat,* as faktore wat die prys van natuurlike hulpbronne beïnvloed. (4 x 2) (8)

2.5 Evalueer die moontlike oorsake vir die aanhoudende energie krisis in Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

**[40]**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za




**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE komponente van die monetêre beleid. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe sal die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank intree indien 'n bank bankmislukking ervaar? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: www.statista.co.za]**

3.2.1 Noem EEN moontlike rede vir die hoër Gini-koëffisiënt in stedelike gebiede. (1)

3.2.2 Van waar af word die Gini-koëffisiënt afgelei? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die konsep *welvaart.* (2)

3.2.4 Hoekom het Suid-Afrika een van die hoogste ongelykheidskoerse in die wêreld? (2)

3.2.5 Illustreer 'n tipiese Lorenz-kurwe vir 'n land met hoë inkomste-ongelykheidsvlakke deur gebruik te maak van 'n volledige benoemde grafiek. (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die meeste banke sal Zakkie nie as ŉ gepaste kandidaat vir ŉ lening beskou nie. Zakkie (49) het slegs laerskool onderrig ontvang en verdien nie ŉ loon nie. Zakkie voorsien vir haar familie deur die verkoop van groente, los sigarette en pakkies voorbereide mielies as peuselhappies. Ongeag laasgenoemde, is Zakkie die perfekte kandidaat vir ŉ lening vanaf die Klein Besigheids Organisasie, ŉ nie-winsgewende organisasie wat mikro-lenings aan landelike entrepreneurs verskaf.
> Die enigste alternatief is die krediet wat deur die gemeenskap se geld-leners verksaf word, wat 30% rente per maand hef en wrede maniere gebruik om die skuld te eis.

**[Aangepas vanuit *Small Enterprise Foundation,* Nov 2011]**

3.3.1 Watter bankwese konsep word deur die bostaande uittreksel verteenwoordig? (1)

3.3.2 Noem enige EEN probleem met die leen van geld by mikro-uitleners. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die konsep *rentekoers.* (2)

3.3.4 Hoe beïnvloed inflasie die koopkrag van geld? (2)

3.3.5 Wat sal die impak van mikro-uitleners (mikro-uitlening) op ekonomiese groei wees? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die belangrikheid van die SARB se rol as *bank van uitgifte* en *bankier van die staat* as funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank. (4 x 2) (8)

3.5 Ondersoek hoe die COVID-19 inperking die skepping van welvaart beïnvloed het. (4 x 2) (8)

**[40]**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 4: MACRO-EKONOMIE & EKONOMIESE STREWES**


**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE maniere hoe lewenstandaarde gemeet kan word. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom verbeter ekonomiese groei ekonomiese ontwikkeling? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: https://www.businesslive.co.za]move]**

4.2.1 Watter produksiefaktor word in die bostaande strokiesprent verteenwoordig? (1)

4.2.2 Wat is die ouderdomsgroep van die ekonomiese aktiewe populasie in SA? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die konsep *nominale lone.* (2)

4.2.4 Hoekom het ontwikkelende lande 'n groot aanbod van ongeskoolde werkers? (2)

4.2.5 Wat is die impak van tegnologie op werkloosheid in Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **Suid-Afrika se ekonomie is in ’n ernstige resessie**
>
> Tshegofatso Mathe – 8 Sep 2020
> Die val in ekonomiese groei word hoofsaaklik toegeken aan die COVID-19 inperking, wat die ekonomie tydens April, Mei en Junie die hardste getref het. StatsSA het gesê dat die tweede kwartaal sal van nou af bekend staan as die “pandemie” kwartaal.
>
> Kevin Lings, die hoof-ekonoom by Stanlib, het gesê die afname is “groot” en “meer betekenisvol” as wat ekonome verwag het. Maar, hy het gesê, in die konteks van die abnormale omstandighede is die resultate nie heeltemal kontrasterend met wat hy verwag het nie.

**[Bron: Mail and Guardian]**

4.3.1 Watter aanwyser word gebruik om ekonomiese groei te meet? (1)

4.3.2 Noem enige EEN beleid wat die regering kan gebruik om ekonomiese groei te bereik. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *deregulasie.* (2)

4.3.4 Hoekom sukkel ontwikkelende lande om beduidende ekonomiese groei te bereik? (2)

4.3.5 Hoe sal ’n tekort in produksiefaktore negatiewe ekonomiese groei veroorsaak? (4)

4.4 Bespreek die ekonomiese belangrikheid van arbeid as ’n produksiefaktor? (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan inheemse kennisstelsels gebruik word om ekonomiese ontwikkeling in Suid- Afrika te bevorder? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae van hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL: | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br><br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord.<br>• ŉ Goeie begin is om ŉ konsep of sleutelwoord wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer.<br>• Moet nie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie.<br>• Moet nie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy enige bespreking in die inleiding van wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br><br>**Hoofgedeelte**: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/ Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor/Trek ŉ grafiek | Maks. 10 |
| **Slot:**<br><br>Enige hoërorde-slot moet die volgende insluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Die slot kan die vorm van ŉ eie opinie neem met ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk of ŉ teenstrydige sienswyse van wat bespreek is.<br>• Geen aspek van die inleiding of liggaam mag in die slot ingesluit word nie | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 5: MAKRO EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek Suid-Afrika se gemengde ekonomiese stelsel in terme van:
  - Eienskappe (10)
  - Voordele (8)
  - Nadele (8) (26 punte)
- Evalueer die doeltreffendheid van die regering in die lewering van sosiale dienste aan plaaslike gemeenskappe.
  (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in diepte, die eienskappe van ontwikkelende lande. (26 punte)
- Omskryf die impak van die COVID-19 pandemie op die Suid-Afrikaanse ekonomie as 'n ontwikkelende ekonomie. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

EXEMPLAR

**EINDE**